AFRIKAANS TWEEDE TAAL SG P3 NOVEMBER 2006

Afdeling A: *Langer skryfstukke*

Hierdie afdeling is vanjaar goed deur kandidate beantwoord. Die meeste kandidate kon hulle maklik met die onderwerpe vereenselwig omdat dit wel bekend was en alledaagse situasies uitgebeeld het. Die riglyne by elke tipe opstel was eenvoudig geformuleer en maklik verstaanbaar. Enkele kandidate verontagsaam nog die lengte voorskrif deur of te lank of kort te skryf. Daar is steeds kandidate wat van geen paragrafering gebruik maak nie. Kandidate moet onthou dat riglyne slegs ‘n gids is om leiding te gee en hulle steeds hul eie idees moet formuleer.

Afdeling B: *Funksionele skryfwerk*

Alhoewel hierdie afdeling ook taamlik goed beantwoord is, was daar kandidate wat steeds sukkel met die blokvorm van die brief. Kandidate moet leer om instruksies nougeset te volg omdat van die kandidate al drie onderwerpe uit hierdie afdeling beantwoord het i.p.v een. Riglyne het goeie leiding verskaf wat kandidate se taak vergemaklik het. Dit sal baie help as kandidate presies elke vorm van die funksionele skryfstukke leer om lastige foute tot ‘n minimum te beperk.

Afdeling C: *Transaksionele skryfwerk*

Duideliker riglyne het kandidate gehelp om hierdie afdeling baas te raak. Hierdie afdeling was beter as vorige jare beantwoord wat bemoedigend is. By die boodskap van die FAKS moet kandidate egter leer om die woordgetal se vereistes na te kom. Die meeste kandidate het veel minder as die verieste lengtes geskryf. Kandidate moet egter leer om die vraag nougeset te benawoord, want riglyne was van onskatbare waarde.